PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

# TOP ACHIEVERS

**Rustenburg** – These are Grenville High School top Grade 12 academic achievers for the second term.



Grade 12 learners, back from left: Tebogo Sebopetsa, Tumelo Matlou, Reamogetswe Motlhamme, and Thato Moshoadiba. Middle from left: Olerato Seemise, Lesego Ramorula, and Ms Nel (grade tutor). Fromt: Bakang Mmope, and Rebaone Tsitsi.

# RUSTIES REG GEBEK OP LANDSFINAAL



**Rustenburg** – Die ATKV-landsfinaal vir debat en redenaars het vanaf 16- tot 18 Augustus by Buffelspoort plaasgevind. Die atmosfeer wat die Rusties se teenwoordigheid teweeg gebring het was tasbaar. Dit was duidelik dat die Rusties 'n krag is om mee rekening te hou!

Wen het baie uit te waai met dit wat in trofee's gemeet kan word en met dit wat in karakter gemeet kan word. Me. Elmarie Geldenhuys, kultuurhoof van die Hoërskool Rustenburg, meld dat die wen in karakter vir haar uitgestaan het.

Sy voeg by dat 14 uiteenlopende kinders en grade saamgewerk het, leerders het mekaar ondersteun en mekaar erken ongeag hul verskille. Sy vat saam dat kultuur se visie verwesenlik word: "Elke individu kry sy/ haar plek en stap sy/ haar unieke spoor met selfvertroue."

Voor van links: me Elmarie Geldenhuys, Jandré Mitchell, Frans van Schalkwyk, Melissa Janse van Rensburg, Karla van Staden, Cara Burger, Carney Fourie, Emma Nel, en me. Karin Fourie. Agter van links: me. Leseya Matthee, Johan de Wet, Regardt Pieterse, Jaco Kruger, Hano van der Walt en Nicholas Alberts.

# GOUD EN SILVER VIR RUSTIE RUGBY SPELERS

**Rustenburg** – Geskiedenisboeke toe vir die rugbyspanne van die Hoërskool Rustenburg! Nadat die samestelling van die Virsekerbeker in 2017 verander het, het die Hoërskool Rustenburg die geleentheid gehad om in 'n liga mee te ding waar wenners aangewys word.

Vroeër jare was hierdie nie moontlik nie, omdat Rusties die enigste makro-skool in Noordwes is en as gevolg daarvan eerste staan.

Die o.15A-, o.15B, o.16A-, en o.16B-spanne wen hierdie liga. Die .o16-spanne is onoorwonne vir die seisoen.

Die Hoërskool Rustenburg se o.16A- en o.15A-rugbyspanne het gekwalifiseer om aan die finaal van die Virsekerbeker deel te neem, omdat hulle wenners van hulle onderskeie liga-afdelings was. Saterdag, 18 Augustus, het hierdie spanne kragte gemeet, die o.15A-rugbyspan teen Marais Viljoen en die o.16A-rugbyspan teen Eldoraigne.

Die o.15A-rugbyspan tree as naaswenners uit die stryd en die o.16A-rugbyspan as wenners.

Die punte vir die o.16A-rugbyspan is aangeteken deur Refentse Moabi en Jandré Wilken wat elkeen 'n drie gedruk het en deur JJ Bosh wat een verdoelskop en twee strafskoppe aangeteken het. Eldoraigne het twee drieë aangeteken en die eindtelling is 20-10 vir Hoërskool Rustenburg.

Beide die spelers en die afrigters het hulself baie goed van hul taak gekwyt.



RHS se o/16A span, die Virsekerbeker wenners in die Platina finaal vs Eldoraigne. Voor van links: CJ Bosch, Frans van Schalkwyk, JP Botha, Refentse Moabi, Armand Cloete, Werner Eckard, en Jandré Wilken. Middel van links: Eugene le Maitre, Bryan du Plessis, Diaan Venter, Janco Naudé, Cornel Smith, JJ Bosch, Wiehan Kruger, Stephan van Graan, Ryno Fritz, en Attie Strauss. Agter van links: Christiaan Pauley, Estiaan van Tonder, Jaydon Fritz, DeMarco dos Santos, Bernard Steyn, Diederick Rocher, Fanu Hough, Llewenllyn van Niekerk, en Maynard Gouws.

# 2018 RUGBY KAMPIOENSKAPPE

**Nieu-Seeland vs Australië**

Op Eden Park wys die All Blacks weereens hoekom hulle die nommer een span op die planeet aarde is. Dit is asof hulle oorheersing net erger word ou groene.

Die manne met die silwer varings is 'n trotse klomp begaafde spelers wat met elke toets net hulle beste gee. Wat Kiwi *ruggas* so uniek maak is die feit dat daar in elke posisie drie spelers is wat in die beginspan kan uitdraf en kompeterend kan wees teen enige span ter wêreld.

Die All Blacks wen hierdie toets 40-12 en gaan vir een speler vir die res van sy lewe 'n heuglike herinnering wees.

Beauden Barrett, die losskakel vir die Kiwi's, teken nie minder as dertig punte van die 40 punte aan nie; hy druk vier skitter drieë op die koop toe wat 'n eerste is vir 'n losskakel op toetsvlak. En dan is daar sekere omies wat meen hy is nie die beste losskakel in Nieu-Seeland nie.

Die All Blacks speel volgende teen die Argentyne op 8 September op Trafalgar Park en die Aussies draf teen die Springbokke uit op Suncorp Stadium om 11h00 op dieselfde dag.

**Argentinië vs Suid-Afrika**

In Mendoza was dit 'n droewige dag vir die Bokke en hul ondersteuners ou groene. Die Poemas klop die Bokke met 'n rekordtelling van 32-19. Die Bokke was pateties en baie senior spelers het teleurgestel.

Die Argentynse afrigting korps het hulle huiswerk deeglik gedoen en die Bokke is lam gelê deur dodelike verdediging en verder het hulle die basiese dinge gedoen wat 'n wenspan behoort te doen. Wat die haas se naam gaan wees wat uit 'n hoed gepluk moet word in die bokkamp, moet liewer wegbly... hy gaan dit nie maak nie. Rassie en kie het maar 'n donker twee weke wat op hulle wag.

Die Bokke moet Australië toe reis om op 8 September teen die Aussies uit te draf. Argentinië het 'n paar slapelose nagte wat vir hulle wag want hulle moet die All Blacks op Trafalgar Park in die oë gaan kyk ook op 8 September.

**Nag ou groene...**

# CURRIEBEKER 2018

**Leeus vs Griekwas**

Die Leeus was weliswaar 19-20 agter toe die manne gaan water drink het, maar kom verwoed terug in die tweede helfte ou grote en oorrompel die Griekwas en wen 62-41. Beide spanne het egter baie werk op die verdediging as hulle saam met die ander groot honde wil blaf.

Die Leeus speel op lentedag teen die Bulle op Loftus met die Griekwas wat 'n loslootjie het.

**Haaie vs Bulle**

In Durban het die Bulle toe maar loop eet van die vloer af en moes die knie buig teen die Durbaniete wat hierdie kragmeting 26-10 wen. Dit was 'n erg slordige *game* maar die bonus punt wat die Haaie uit hierdie een gekry het was waardevol.

Die twee Du Preez boeties het goed gespeel vir die Haaie, maar die 20 jarige Aphelele Fassi het die kollig gesteel. Die mannetjie is blitsvinnig en druk ook in sy debuut *game* 'n puik drie.

Die Haaie speel volgende op 1 September om 13h00 teen die Cheetahs in Bloemfontein met die Bulle wat teen die Leeus op Loftus om 15h00 gaan uitdraf.

**WP vs Cheetahs**

In gietende reën slaag die WP daarin om die Cheetahs 'n groot dragslae toe te dien en wen 32-0. Dit is seker een van die swakste vertonings nog deur 'n Cheeta span in baie jare. Die Vrystaters is onder baie meer druk as wat hulle kan verwerk met die baie sleutel spelers wat in die Pro 14 span is. Dit kan egter op die lang duur die beeld van Vrystaat *ruggas* skade berokken.

Die WP speel volgende 31 Augustus om 17h30 in die Mbombela Stadium teen die Pumas met Cheetahs wat in Bloem teen die Haaie gaan uitdraf.

Nag ou grote...